HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met ‘n baie besige week agter die rug, wil ons ieder en elk bedank vir hul betrokkenheid. Die krieketwedstryde sowel as die Hoërskool Sentraal top 20 atletiekbyeenkoms het uitgereën. Baie sterkte aan die onderskeie wintersportsoorte wat tans besig is met proewe.

VALENTYNSDAG SOKKIE

Die leerders het Valentynsdag behoorlik gevier en Hoërskool Fichardtpark het Donderdagaand ‘n sokkie aangebied. Baie dankie aan die leerders vir hulle mooi gedrag.

Hoërskool Fichardtpark het ook die leerders van Hoërskool Driehoek op Valentynsdag verras met ‘n Kit-Kat. Hierdie inisiatief benadruk weereens die toewyding en solidariteit van almal hier by Hoërskool Fichardtpark.

BADKAMERS

Die badkamers is onlangs skoongemaak en opgradeer. Ons is opreg dankbaar vir hierdie gebaar van die Gr. 10- en 11-VRL, Leerderraad ouers en leerders.

MOTHEO / XHARIEP ATLETIEKBYEENKOMS

Baie sterkte met Vrydag en Saterdag se atletiekbyeenkoms by Mangaung Atletiekstadion. Die program is onder “Bronne” op die D6 Communicator.

STAPTOER

Daar is ‘n geleentheid vir ons leerders om die Strandloper-Staptoer mee te maak. Die roete strek van Gonubie tot by Keimond in die Oos-Kaap. Dit is ‘n 5-dag roete en word ten sterkste aanbeveel. Mnr. van der Merwe gaan binnekort meer inligting beskikbaar stel.

MAMMAS WAT OMGEE

Ons het ‘n groepie mammas wat elke Vrydagoggend om 07:00 in die konferensiekamer bymekaar kom om vir ons skool, leerders en personeel te bid. Enige mamma is welkom om enige tyd in te skakel.

Ons vra dat ouers en leerders die vrymoedigheid sal hê om ons “Gebedsboksie” in die voorportaal vir gebedsversoeke te gebruik.

MNR. EN MEJ. FICHARDTPARK

Dit was weereens ‘n spoggeleentheid – baie geluk aan die wenners:

Mnr. Fotogenies – Anrico Friederichs
Mej. Fotogenies – Corien Fick

Mnr. Kreatief – Jurich Minnie
Mej. Kreatief – Bella van Rhyn

Mnr. Persoonlikheid – Heinro Fouché
Mej. Persoonlikheid – Elize-Marie Fourie

2de Prins – Christiaan Jonker
2de Prinses – Corien Fick

1ste Prins – Jurich Minnie
1ste Prinses – Anice de Jager

Mnr. Fichardtpark – Franco Smit
Mej. Fichardtpark – Nandi Roodt

Baie dankie aan mev. Langeveld en mev. De Beer vir hulle hardewerk, tyd en reëlings.

FICHIE-GROETE